### 10. HOE KON 'LEWENDE FOSSIELE' OOR DIE VERONDERSTELDE HONDERDE MILJOENE JARE ONVERANDERD BLY AS EVOLUSIE IN DIESELFDE TYDRAAM WURMS IN MENSE VERANDER HET?

Professor Gould het geskryf, dat "die handhawing van intraspesie-stabiliteit beskou (moet) word as 'n groot evolusionêre probleem." creation.com/living_fossils

### 11. HOE HET BLOTE CHEMIE DIE VERSTAND/INTELLIGENSIE, BETEKENIS, ALTRUÏSME EN MORALITEIT GESKEP?

As alles deur evolusie ontstaan het en die mens God, volgens evolusie, uitgedink het, is daar dan enige doel en betekenis in die lewe? Is dit reg dat studente blootgestel word aan *nihilisme* (die lewe is betekenisloos) in die wetenskapklas? creation.com/chesterton

### 12. WAAROM WORD EVOLUSIONÊRE 'SÊ-SO-STORIEVERTELLING' GEDULD?

Evolusioniste gebruik dikwels buigsame storievertelling ter verduideliking van waarnemings wat die evolusie-hipotese weerlê. 'n NAW-lid (VSA), dr. Philip Skell, het aangevoer dat "Darwinistiese (evolusionêre) verduidelikings vir hierdie verskynsels dikwels te 'soepel' (is): natuurlike seleksie maak mense aggressief en selfgesentreerd—behalwe wanneer dit hulle altruïsties en vredeliewend maak. Of natuurlike seleksie bring viriele mans voort wat hulle saadselle ywerig versprei—behalwe as dit mans verkies wat getroue beskermers en voorsieners is." Wanneer 'n verduideliking so 'buigsaam' is dat dit enige gedrag verklaar, is eksperimentele toetsing daarvan moeilik, en selfs moeiliker om dit te gebruik om wetenskaplike uitvindings te bevorder. creation.com/sexstories

### 13. HET EVOLUSIE ENIGE WETENSKAPLIKE DEURBRAKE TEWEEGGEBRING?

Dr. Marc Kirschner, voorsitter van die Departement, Sistemiese Biologie aan Harvard se Mediese Skool, het die volgende gesê: "Dit is 'n bewese feit dat oor die afgelope 100 jaar alle velde van die biologie onafhanklik van evolusie vooruitgegaan het, behalwe evolusionêre biologie. Molekulêre biologie, biochemie en fisiologie het evolusie glad nie in aanmerking geneem nie." Dr. Skell noem ook dat "… kennis (wat) ingewin (is) oor hoe presies organismes funksioneer, belangrik is vir dokters, veeartse, landbouers, ens. en nie gissings oor hoe hulle moontlik miljoene jare gelede ontstaan het (nie)." Die feit is dat mediese deurbrake in werklikheid *belemmer* word deur evolusie. So waarom is skole en universiteite so aanmatigend in die aanbieding van evolusie? Steel hulle nie dalk tyd van eksperimentele biologie wat nog altyd tot voordeel van die mens gestrek het nie? creation.com/science#relevance

### 14. DIE WETENSKAP BEHELS PROEFNEMINGS OM VAS TE STEL HOE DINGE WERK. WAAROM WORD EVOLUSIE, 'N TEORIE WAT DIE *VERLEDE* BETREK, AANGEBIED ASOF DIT OOREENSTEM MET *EKSPERIMENTELE* WETENSKAP?

Eksperimentele waarneming van die verlede is onmoontlik. Toe Richard Dawkins gevra is of evolusie al waargeneem is, het hy geantwoord: "Evolusie is al waargeneem. Dit is nog net nie waargeneem terwyl dit plaasgevind het nie." creation.com/notscience#distinction

### 15. WAAROM WORD 'N WESENLIK GODSDIENSTIGE IDEE, 'N DOGMATIESE GELOOF-SISTEEM WAT STEEDS IN GEBREKE BLY OM NATUURGETUIENIS TE VERKLAAR, AANGEBIED IN *WETENSKAPKLASSE*?

Karl Popper, 'n bekende wetenskapfilosoof, het die volgende gesê: "Darwinisme is nie 'n wetenskaplike teorie wat getoets kan word nie, maar 'n metafisiese [godsdienstige] navorsingsprogram ..." Michael Ruse, 'n evolusionis en wetenskapfilosoof, het as volg toegegee: "Evolusie is 'n godsdiens. Dit was waar van evolusie in die begin, en dit is steeds waar van evolusie vandag." As 'n mens nie godsdiens "mag leer in wetenskapklasse" nie, waarom word evolusie dan aangebied? creation.com/evo-religious, creation.com/notscience

**WIE IS VERANTWOORDELIK VIR HIERDIE PAMFLET?**
Hierdie en ander soortgelyke pamflette is saamgestel deur *Creation Ministries International* (CMI) en word beskikbaar gestel aan besorgde individue en kerke wat wil betrokke raak om ander bewus te maak van soortgelyke inligting wat onderwerp word aan sensuur. Die verspreider(s) mag hulle naam plaas in die blokkie hieronder.

Addisionele eksemplare (en soortgelyke pamflette oor skepping) kan verkry word van *Creation Ministries International*. Skryf aan CMI vir 'n materiaalbondel en pryslys.

**HOE KAN EK MEER INLIGTING BEKOM?**
Besoek CREATION.com
Vir 'n gratis inligtingspakket of navrae oor CMI-bediening, besoek ons gerus by: creation.com/contactus

**CMI het kantore in:**
• Australië • Kanada • Nieu-Seeland • Singapoer
• Suid-Afrika • VSA • VK/Europa

**Versprei deur:**

Kyk: creation.com/evoquest vir ondersteunende verwysings.



# BEVRAAGTEKEN EVOLUSIE!



# 15 VRAE AAN EVOLUSIONISTE

# 15 VRAE AAN EVOLUSIONISTE

**EVOLUSIE: DIE NATURALISTIESE OORSPRONG EN DIVERSITEIT VAN LEWE.**

## 1. HOE HET LEWE ONTSTAAN?

Die evolusionis, professor Paul Davies, gee toe dat "niemand weet hoe 'n mengsel van lewelose chemikalieë hulself georganiseer het om die eerste lewende sel te vorm (nie)." Die Harvard-professor en bioloog, Andrew Knoll het erken dat "ons nie regtig (weet) hoe lewe op planeet aarde ontstaan het nie." Die eenvoudigste sel benodig honderde proteïene. Selfs al sou elke atoom in die heelal 'n eksperiment uitgemaak het met al die korrekte aminosure in plek vir elke moontlike molekulêre vibrasie in die veronderstelde evolusionêre ouderdom van die heelal, sou daar geen gemiddelde grootte funksionele proteïen gevorm het nie. Dus—hoe het die lewe wat bestaan uit honderde komplekse proteïene, chemies ontstaan sonder dat intelligente ontwerp betrokke was? creation.com/origin

## 2. HOE HET DIE DNS-KODE ONTSTAAN?

Die kode is 'n gevorderde komplekse taalsisteem met letters en woorde, waar die betekenis van die woorde nie verwant is aan die chemiese eienskappe van die letters nie—net soos die inligting op hierdie bladsy nie 'n produk is van die chemiese samestelling van die ink nie (of piksels op 'n skerm). Watter ander kodering-sisteem het sonder intelligente ontwerp ontstaan? Hoe het die DNS-koderingsisteem tot stand gekom sonder dat dit geskep is? creation.com/code

## 3. HOE KON MUTASIES—TOEVALLIGE KOPIEERFOUTE (DNS 'LETTERS' VERVANG, UITGEVEE OF BYGEVOEG, GEEN-DUPLISERING, CHROMOSOOM-OMKERINGS, ENS.)—DIE GROOT HOEVEELHEID INLIGTING IN DIE DNS VAN LEWENDE ORGANISMES VOORTBRING?

Hoe kon sulke *foute* drie miljard letters se DNS-inligting skep om daardeur 'n mikrobe in 'n mikrobioloog te verander? Daar is inligting oor *hoe om proteïene te maak* en ook om die *gebruik daarvan te beheer*—amper soos 'n kookboek wat die bestanddele sowel as instruksies bevat oor hoe en wanneer dit gebruik moet word. Die een is nutteloos sonder die ander. Kyk creation.com/meta-information. Mutasies is bekend vir hulle negatiewe invloed, insluitend meer as 1,000 menslike siektes soos hemofilie. Hulle is feitlik nooit van enige hulp nie. Maar hoe kon die skommeling van bestaande DNS-inligting 'n nuwe biochemiese baan of molekulêre nano-motortjie met baie komponente skep, om daardeur "molekuul-tot-mens" evolusie moontlik te maak? Byvoorbeeld, hoe het 'ATP'-sintase (wat energie vir lewe in die vorm van 'ATP' verskaf), of robotte soos 'kinesin' ('n 'bode' wat pakkies binne in selle aflewer) ontstaan? creation.com/train

## 4. WAAROM WORD NATUURLIKE SELEKSIE—'N BEGRIP WAT DEUR KREASIONISTE AANVAAR WORD—VOORGEHOU AS 'EVOLUSIE', SO ASOF DIT DIE ONTSTAAN VAN DIE VERSKEIDENHEID VAN LEWE VERKLAAR?

Per definisie is dit 'n keuringsproses (dit selekteer bestaande inligting), maar nie 'n kreatiewe proses nie. Dit mag die oorlewing van die sterkstes verduidelik (d.i. waarom sekere gene sekere organismes in sekere omgewings bevoordeel), maar nie die ontstaan daarvan nie (oorsprong van gene en organismes). Die afsterwe van individue wat nie kon aanpas by die omgewing nie, en die oorlewing van diegene wat wel kon aanpas, verduidelik nie die *oorsprong* van eienskappe wat 'n organisme in staat gestel het om suksesvol aan te pas by die omgewing nie. Byvoorbeeld, hoe verklaar die geringe heen-en-weer variasies in vinksnawels die ontstaan van snawels en vinke? En hoe verklaar natuurlike seleksie molekuul-tot-mens evolusie? creation.com/defining-terms

## 5. HOE HET NUWE BIOCHEMIESE BANE, WAAR VEELVULDIGE ENSIEME IN VOLGORDE SAAMWERK, ONTSTAAN?

Om effektief te funksioneer, benodig elke biochemiese baan en molekulêre nano-motortjie verskeie proteïen/ensiem-komponente. Hoe het toevallige gebeure selfs net een van hierdie komponente geskep, om nie te praat van 10 of 20 of 30+ op dieselfde tyd, dikwels in geprogrammeerde volgorde nie? Die evolusionis en biochemikus, Franklin Harold, het toegegee dat "daar tans geen gedetailleerde Darwinistiese verklarings is vir die evolusie van enige biochemiese of sellulêre sisteem nie, slegs maar net 'n klomp wensdenkery en spekulasie." creation.com/motor (sluit animasie in).

## 6. ALLES DUI DAAROP DAT LEWENDE WESENS ONTWERP IS, SO HOE WEET EVOLUSIONISTE DAT HULLE NIE ONTWERP IS NIE?

Richard Dawkins huldig die siening dat, "biologie die studie van komplekse organismes (is) wat lyk asof dit met 'n doel ontwerp is." Francis Crick, mede-ontdekker van die dubbel-heliks struktuur van DNS, het geskryf dat "... bioloë voortdurende in gedagte (moet) hou dat dit wat hulle waarneem, nie ontwerp is nie, maar deur evolusie ontstaan het." Die uitdaging vir evolusioniste is egter dat lewende organismes *oorweldigende tekens van ontwerp toon*. Wie sou kapsie maak as 'n argeoloog sou beweer dat erdewerk op ontwerp deur die mens (dui)? Om ontwerp in lewende wesens daarenteen toe te skryf aan 'n ontwerper, is egter onaanvaarbaar. Waarom moet die wetenskap beperk word tot *naturalistiese* oorsake, eerder as *logiese* oorsake? creation.com/design_legit

## 7. HOE HET MEERSELLIGE LEWE ONTSTAAN?

Hoe het selle wat aangepas is om as individue te oorleef, 'geleer' om saam te werk en te spesialiseer (insluitend geprogrammeerde sel-dood te ondergaan) om komplekse plante en diere te vorm? creation.com/multicellularity

## 8. HOE HET DIE GESLAGTE ONTSTAAN?

Ongeslagtelike voortplanting lewer twee keer die hoeveelheid voortplanting-sukses ('fiksheid') vir dieselfde hulpmiddele as geslagtelike voortplanting, so hoe kon laasgenoemde ooit genoeg voordeel trek om wel geselekteer te word? En hoe kon fisiese en chemiese faktore op sigself verskillende orgaanstrukture voortbring wat op dieselfde tyd benodig word (begriplose prosesse kon nie vooruit beplan vir die toekomstige koördinering van manlike en vroulike geslags organe nie). creation.com/evosex

## 9. WAAROM WORD DIE (VERWAGTE) ONTELBARE OORGANGFOSSIELE NOG STEEDS VERMIS?

Die probleem wat Darwin aangeteken het, is steeds nie opgelos is nie. Evolusionêre stambome in handboeke is 'n verbeeldingsvlug wat nie gebaseer is op fossielgetuienis nie. Die bekende Harvard- paleontoloog (en evolusionis), Stephen Jay Gould, het die volgende geskryf: "Die buitengewone skaarsheid van oorgangsvorme in die fossielrekord bly steeds voortbestaan as 'n paleontologiese geheim". Ander evolusionistiese fossielkenners erken ook dat dit 'n probleem is. creation.com/pattquote